**Saterdag 7 Januarie**
**Skrifgedeelte: Johannes 3:1-21**
**Fokusgedeelte: Johannes 3:3**
**Wedergeboorte: Slegs nuwe mense sal die koninkryk van God sien**

Jesus se wonderwerke het Nikodemus beïndruk. Hy sluip in die nag na Hom en sê-vra om sekerheid te kry: "Dit lyk of u van God af kom en dat Hy by u is." Wie is hierdie rabbi dan tog?

Nikodemus het Skrifkennis gehad as *"die bekende leermeester van Israel"* (Joh. 3:10). Hy het Jesus se prediking en wondertekens geken, maar Hom nie erken nie. *"Ons praat oor wat ons weet, en ons getuig oor wat ons gesien het, en tog aanvaar julle nie ons getuienis nie"* (3:11). Hulle was siende blind vir die koninkryk van God (3:3). Daarom was dit nog vir hulle gesluit (3:5).

Hoe kry ek deel aan die koninkryk van God? Nie deur kennis van die Skrif alleen nie. Met al die kennis kan ons tog nog blind wees. Nie deur kennis van wonderwerke alleen nie. Dalk is Jesus vir jou net 'n wonderdoener. Ons oë moet oopgaan vir Wie Jesus is, sodat ons in Hom glo.

Net mense wat geestelik nuut gemaak word, se blindheid word genees. Hulle sien dat Jesus na die wêreld gestuur is om God se liefde te betoon. Hulle sal die koninkryk sien, vir Koning Jesus as Verlosser erken en begin volg. Hulle is nie meer in die duisternis en haat die lig nie, maar kom na die lig wat Jesus gebring het. Slegs vanweë die wedergeboorte deur die Gees kom daar geloof en oë wat die geestelike dinge kan sien en verstaan.

Glo jy in Jesus Christus as Seun van God? Onderwerp jy jou aan sy koningsheerskappy? Kom jy na die hemelse lig toe, sodat jou sonde ontbloot, maar ook vergewe word? Gee dan aan die Gees van God die dank en eer, omdat Hy jou uit die natuurlike dood gered het en nuwe lewe gegee het.

*Sing: Skrifberyming 2-4 (33): 1, 2, 3*

*Dr. WC Opperman (Callie) (emeritus)*